**Sondag 11 November**

| **Skrifgedeelte: Sagaria 2:1-12** | **Fokusgedeelte: Sagaria 2:5-7** |
|---|---|

# Beleef elke dag die magtige teenwoordigheid van die Here

Sagaria profeteer aan ’n gedeelte van die volk wat van die ballingskap af teruggekeer het. Hierdie mense was moedeloos. Daar was min bewys dat die Here se verbond met sy volk herstel gaan word. Selfsugtigheid het die gemeenskap lamgelê.

Die Here stuur twee profete om hulle te lei, omdat hulle so moedeloos was: Nehemia en Sagaria. Deur Sagaria het die Here hulle geestelik versterk. Hy doen dit spesifiek in hierdie teks. Hy wys vir Sagaria deur ’n gesig hoe die toekomstige Jerusalem gaan lyk. Die stad, wat die klein groepie mense besig was om te herbou, gaan in die toekoms só groot wees dat hulle *nie* ’n muur daaromheen sal kan bou nie. So baie mense en diere gaan daarin woon.

Hierdie nuwe Jerusalem is die kerk wat oor die aarde versprei is. Die kerk van die Here oor die eeue sal só groot wees dat dit nie deur ’n muur omring sal kan word nie. Dit sal geen grense hê nie.

In die Bybelse tyd was ’n muur ’n teken van veiligheid. Tog is daar nie ’n muur wat die kerk omring nie. Volgens vers 5 is die Here ons muur.

Soms raak ons soos die ballinge wat nog nie teruggekeer het nie. Ons raak rustig in die wêreld en dink dit is reg om soos die wêreld te leef. Die Here roep jou vandag (:6-7) uit die wêreld om ’n lewende verhouding met Hom te hê en sy magtige teenwoordigheid te be-leef. Sy magtige teenwoordigheid omring en beskerm jou deur sy Gees.

*Sing: Psalm 67-1:1-3*

*Ds. DJ (Dirk) de Bruyn (Middelburg Kaap)*